DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Biddend die toekoms in !!!

Augustus 2022

Beste Kommandoleier, AKL Administrasie en Ouers / Voogde

Is jy gereed vir nog 'n Venterskroon avontuur in die natuur?

Kom leer hier in die natuur meer oor kameraadskap, leierskap en volharding. Ons gaan vanjaar leer hoe om biddend die toekoms in te gaan.

- Daar is beperking op getalle vir kursusse - moet ons asseblief nie kwalik neem indien u kind nie kan gaan kamp nie - sorg dat jy betyds inskryf.
- Graad 1 en 2 spesialisasies sal slegs aangebied word vir offisiere se kinders wat saam gaan kamp (+1 Voortrekkermaatjie wat hul kan saamnooi).
- Offisiere kry voorkeur om saam te kamp.

Kampdatum: D.V. 30 September 2022 - 4 Oktober 2022
Registrasie: Vrydag, 30 September 16:00 – 18:00
Afsluiting: Dinsdag, 4 Oktober om 12:00
Plek: Venterskroon Jeugkampterrein van die Ned. Hervormde Kerk (tussen Potchefstroom en Parys)
(S26º53.016' EO27º16.120')

Sluitingsdatum vir inskrywings: Maandag, 5 September 2022

Ons bied die volgende spesialisies aan by Venterskroon

Graad 1 (slegs kinders van offisiere wat saam kamp +1 maatjie)	Junior Kok	(10)	Waar jy leer kos maak en dit mooi moet opdien en bedien.
Graad 2 (slegs kinders van offisiere wat saam kamp +1 maatjie)	Veldkook	(15)	Wat maak 'n Trekker in die veld as jy honger raak?
	Dierewaarneming	(15)	Kom leer meer van diere en hulle maniere.
Graad 3	Toeka	(15)	Handwerk en speel – deel in ons heerlike tradisies.
	Spoorkennis	(20)	Waar ons leer om meer oplettend te wees in die veld.
Graad 4	Gasheer/Gasvrou	(10)	Hier wag hope pret en plesier. Hoekom klink dit soos 'n partytjie?
	Plantekennis	(15)	Leer om plante op interessante maniere te onderskei en uit te ken.
	Vasbyt	(24)	Uithou! Aanhou! Koers Hou!
Graad 5	Touwerk	(20)	Hier gaan ons jou 'n knoop of twee leer en nog veel meer!
	Boeresport	(20)	Klink na vet pret!
	Weerkennis	(20)	Gly met die reënboog tot by Venterskroon.
Graad 6	Spoorsny	(30)	Nie net dierespore nie, maar 'n heerlike ondervinding.
	Kommunikasie	(20)	Kom beleef die polsslag van die kamp.
	Sterrekunde	(16)	Gly met die melkweg tot by Orion.
Graad 7	Avontuurkamp	(40)	Vir elkeen wat bereid is om met bietjie inspanning uit te hou tot by die GROOT LEKKERKRY van HEERLIKE AVONTURE.

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Biddend die toekoms in !!!

Spesialisasies
Let asseblief op dat spesialisasies slegs ‘n beperkte aantal kursusgangers kan akkomodeer. Die webblad is so saamgestel dat inskrywings outomaties geblok word sodra kursus vol is, en u kind dus op ‘n waglys geplaas sal word.

LET WEL: Minimum aantal kinders per kursusgroep (Graad 4 - 7) = 8. Die Kampraad sal u in kennis stel indien ‘n bepaalde kursus te min belangstelling het en afgestel sou word.

Verkenners / Staatmakers (maksimum 10)
Alle Verkenners / Staatmakers moet bereid wees om in enige van die afdelings op die kamp diens te doen as deel van die **taakspan** (nie by ‘n kursusgroep nie).

Inskrywings
1. Ouers, registreer self u kind vir die kamp op ons webblad https://www.voories.co.za deur net die instruksies op die webblad te volg.
2. Die webblad sal vanaf Saterdag, **20 Augustus 2022** beskikbaar wees vir registrasie. Let wel: **Geen** papier inskrywings sal aanvaar word nie.
3. Maak ook seker dat name van alle kampers korrek gespel is op die webblad aangesien hierdie inligting net so oorgedra word vir die opstel en druk van die sertifikate. Name moet in die korrekte formaat wees bv. Annemie Hall.
4. Alle kampgelde word in u kind se eie kommando se rekening inbetaal. Kommandos betaal eenmalige bedrag as totale kommando inskrywingsgelde oor na die Venterskroon bankrekening.

Verblyf vir Penkop en Drawwertjies

Graad 1 en 2	Slaap in slaaplokale.
Graad 3 tot 6	Elke span bring sy eie tent/e en slaan dit self op. Spoorsny kamp in tente apart van die res van die kamp en kan dus nie tente deel met ander kursusgroepe nie.
Graad 7	Slaap in die veld onder skuilings – sien saambringlysie later.

Kleuters (Halfkroontjies)
Alle kleuters slaap by hulle ouers.

Verblyf van Offisiere
- Een Mans- en twee Dames slaaplokale beskikbaar (Neem asb. kennis dat kleuters van die teenoorgestelde geslag nie by ouers in slaaplokaal kan slaap nie - maak asb voorsiening vir eie tent / woonwa).
- Eie tent
- Woonwa

- Wees asseblief voorbereid aangesien daar geen elektriese voorsiening is vir woonwaens en tente nie.
- Offisiere mag verkieslik nie dieselfde kursus diens doen as waaraan hul kind deelneem nie.
- Alle volwassenes moet bereid wees om in enige van die afdelings op die kamp diens te doen. Tensy u geskakel word en ander reëlings getref word, word u sover moontlik by u eerste keuse geplaas.
- Inskrywings wat laat ontvang word, word geplaas na behoefte.

Snoepie
Daar sal geen snoepie kiosk op die kamp beskikbaar wees nie. Daar word daagliks 3 gebalanseerde maaltye sowel as vrugte, koue koekdrank/sap en ander snoepie eetgoed tussen-in voorsien. Snoepiegeld is dus ingesluit by kampgeld.
Ek wil graag ‘n beroep doen op elke ouer om asseblief ekstra aankope van eetgoed vir u kind/ers tot ‘n minimum te beperk. Die ekstra suiker en kleurstowwe het ‘n uiters negatiewe invloed op kinders se gedrag.

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Biddend die toekoms in !!!

Kampgelde
Penkoppe en Drawwertjies Graad 1 - 6: **R860**
Penkoppe en Drawwertjies Graad 7 - Avontuur kursus: **R920**
Halfkroontjies: **R550** (Kleuters van diensdoenende offisiere)
Volwassenes, Staatmakers, Verkenners: **R760**
Kombuisspan: **R660**

- Opsioneel: Plastiese beker met Venterskroon-kampwapen @ **R55.**
- Alle kampgelde word in u kind se eie kommando se rekening inbetaal. Kommandos betaal eenmalige bedrag as totale kommando inskrywingsgelde oor na die Venterskroon bankrekening.
  Slegs internet inbetalings - Kontant inbetalings se koste sal van kommando verhaal word.

T-hemde
T-hemde is by kampgeld ingesluit vir almal en korrekte grootte moet dus op registrasievorm (webblad) ingevul word. **Geen** omruilings kan gedoen word nie omdat hemde op presiese getalle, soos deur u aangedui, bestel word..

Kinder groottes Borsmaat/lengte	5-6 jaar (66cm/48cm)	7-8 jaar (74cm/50cm)	9-10 jaar (76cm/52cm)	
	11-12 jaar (88cm/57cm)	13-14 jaar (91cm/60cm)		
Volwasse groottes Borsmaat/lengte	S (104cm/69cm)	M (108cm/71cm)	L (112cm/76cm)	
	XL (121cm/80cm)	XXL (128cm/82cm)	3XL (132cm/85cm)	4XL + 5XL
Kleiner grootte as hier aangedui nodig? Kontak Annemie asb. persoonlik by 082 494 8305. Wil graag al die klein lyfies akkommodeer om hempie te verskaf.				

Volwasse Gholfhemde
Donkerpers met geborduurde kampwapen - slegs vir Volwassenes en Staatmakers. Golfhemde is opsioneel en dus nie verpligtend nie. Die koste word saam met die kampgeld oorbetaal en grootte op die webblad aangedui.

Grootte	Small	Medium	Large	XL	R 210.00
	2XL	3XL	4XL	5XL	

Sluitingsdatum vir kommando kampgeld oorbetaling: 12 September 2022

Bankbesonderhede vir kommando inbetalings:
Transvaalse Voortrekkers, Venterskroon.
ABSA Bank, Vanderbijlpark
Tjekrekening nr. 530 186 458
Gebruik kommando se naam as verwysing

Kansellasies
Kansellasies na 19 September 2022 verbeur die volle kampgeld tensy ‘n plaasvervanger se inligting vroegtydig deurgestuur word.

Kroniese en Voorskrif Medikasie
Die Administrasie van Nood - en Kroniese Voorskrifmedikasie vorm vir spesifieke medikasie moet voltooi word, in medikasie houer geplaas word, en saam met afskrif van die oorspronklike voorskrifte by die Noodhulp ingehandig word tydens registrasie op die kamp. Voorskrifmedikasie moet in die oorspronklike verpakking soos deur die apteek uitgereik in houer wees, met die volgende inligting:

- Die apteker se telefoonnommer
- Die kind se volle naam en van
- Die naam van die gesondheidsorgverskaffer wat die medikasie voorskryf
- Die naam en vervaldatum van die medikasie
- Die datum waarop dit voorgeskryf of opgedateer is
- Die dosering, roete en frekwensie
- Enige spesiale instruksies vir die administrasie en/of berging soos voorgeskryf deur die Wet op Aptekers No.53 van 1974.

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Biddend die toekoms in !!!

Kampbenodigdhede
'n Lys met kampbenodigdhede sowel as kursusbenodigdhede sal saam met u inskrywings bevestiging na u e-pos adres toe gestuur word . Hierdie inligting sal ook op die webblad beskikbaar wees.

Vervoer
Kampeerders / kommandos is verantwoordelik vir eie vervoer na en van die kamp.

Fotos
Ons beskou alle inskrywings as toestemming om fotos – waarop kinders/volwasse kampeerders mag verskyn – op die Venterskroon-webblad en/of Facebook te plaas.

Navrae kan gerig word aan:

Adjunk-kampleier admin: Louis Keyser, 083 308 1757
E-pos: venterskroon@gmail.com

Kampleier: Annemie Hall, 082 494 8305
E-pos: hall.annemie@gmail.com

Adjunk-kampleier Logistiek: Stian Van der Merwe, 083 805 1063

Venterskroongroete
Annemie Hall